**Reeks:** Hoe Bestuur jy jou Hart...
**Titel:** ... 'n Vergenoegde Hart
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 13 November 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Let everyone know your life is being lived in another structure of being, one in which the Lord is constantly a vital presence. Don't fret or worry. Instead of worrying, pray. Let petitions and praises shape your worries into prayers, letting God know your concerns. Before you know it a sense of God's wholeness, everything coming together for good, will come and settle you down. It's wonderful what happens when Christ displaces worry at the centre of your life. Summing it all up, friends, I'd say you'll do best by filling your minds and meditating on things true, noble, reputable, authentic, compelling, gracious, the best, not the worst, the beautiful, not the ugly, things to praise, not things to curse.
I rejoice greatly in the Lord, that at last you've renewed your concern for me. I'm not saying this because I'm in need, for I've learned to be content, whatever the circumstances. I know what it is to be in need, and I know what it is to have plenty. I've learned the secret of being content in any and every situation, whether well fed or hungry, whether living in plenty or in want. I can do everything through Him who gives me strength. I've received full payment and even more. I'm amply supplied now that I've received from Aphrodite the gift you gave. They are a fragrant offering, an acceptable sacrifice, pleasing to God, and my God will meet all your needs according to his glorious riches in Christ Jesus. To our God and Father, be glory, forever and ever, amen.
***Fil 4:5-7, 10-13 & 18-20 (Various)***

Paulus sê ek het geleer om vergenoegd te wees met die omstandighede waarin ek is. I've learned to be in whatsoever state I am, therein to be independent of circumstances, content. Vergenoegd, bedoelende om met 'n sin te leef van waardering, van rus, van dankbaarheid, van vrede, van tevredenheid. Die teenoorgestelde, onvergenoegdheid, van gedryfdheid, van hyper, van kompulsief wees, van obsessief wees, van dringende behoeftes en begeertes om te kry en om te hê. Wat 'n manier om te lewe.

Is dit nie iets wat elke mens diep in sy binneste soek nie, en as dit net dit is wat die Evangelie vir ons kon bied, vergenoegdheid, is dit nie iets wonderliks en iets groots nie? Spandeer ons nie baie van ons energie, ons geld, ons tyd, net om te probeer om op daardie plek te kom van vergenoegdheid nie? Paulus sê dis moontlik. Daar is so 'n lewe, en hy noem drie belangrike groot goed van hierdie vergenoegdheid. In die eerste plek sê hy dis 'n geheim, en dan sê hy dit bestaan in oorvloed en in gebrek, dis ook die plek waar jy dit baiekeer kry, en dan sê hy vir ons ook dis iets wat geleer moet word.

In die eerste plek, dis 'n geheim. Ek dink baie mense dink dis nie 'n geheim nie. Baie mense vandag dink hulle het die geheim, maar as almal dit weet is dit mos nie 'n geheim nie. 'n Geheim is mos iets wat bietjie weggesteek is. 'n Geheim is wat nie sommer so algemene kennis is nie, maar baie dink ek sal vergenoegd wees as as iets kry of iemand kry, en dan is die volgende stap natuurlik, dit was lekker, dit... ek het iets gesmaak daardeur. Obviously, ek is nie vervuld daardeur nie. Ek het net meer van dit nodig. Onvergenoegd, meer van dit nodig, dan sal ek daardie tevredenheid, daardie vervulling in my lewe kry.

Ons glo die advertensies. Ons glo die persverklarings van celebrities, jy weet, en deur die jare het ons 'n hele paar mense ontmoet wat op voorblaaie van tydskrifte geland het. Van hulle kom na hierdie kerk toe. Daar is nou weer 'n paar ouens se gesigte op voorblaaie van na hierdie kerk toe kom. Ons ken hulle, en dis net vir my baie interessant, as jy lees oor wie hulle is en wat hulle lewe is, en jy ken hom, jy weer hoe is hy. Jy ken ook van sy stryd. Jy ken ook van sy probleme, dan is dit twee wêrelde van mekaar af. Maar ek dink dat baie van ons kyk na hierdie lewens en dan sê ons, daardie bekendheid, o, daardie man wat sy gekry het. As jy so 'n looker het, jy kan nie anders as om happy te wees nie. As jy daardie huisie by die see het, as jy so besig is, as jy so oorsee travel, as jy... en jy skep hierdie: dan sal ek vervuld wees.

Ons dink baie van hulle is en baie het dit. Ons glo daardie persverklarings en dan dink ons, baie van ons, dit is baie tragies dat ons dit nie het nie, daarom is dit vir baie vandag baie tragies om alleen te wees. Dis tragies. Ek het nie 'n lewensmaat nie. Dis tragies. Ek raak oud. Ek is oud. Dis tragies. Ek is siek. Dis tragies. Ek kan nie vervuld wees nie, ek kan nie content wees nie, ek is dan siek. Ons dink aan soveel goed wat ons nie het nie, en dan is dit tragies. Wat 'n lewe, sleg.


**© 2011 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek lees 'n advertensie wat sê if you're not completely satisfied in your sexual life, contact me. Nou, ek weet hier is niemand hier wat sal wil weet in watter tydskrif daardie advertensie is nie, maar niemand hier het dit ook nodig in elk geval nie, maar daar... is daar so iets soos 'n volkome vervuldheid? Is jy volkome vervuld by jou huis? Het jy... daar is niks wat jy anderster wil hê nie. Is jy volkome vervuld met jou huis?

Is jy volkome vervuld met jou kar? Ek het 'n vriend wat 'n ingevoerde motor het wat ek weet nie hoeveel kos nie, en ek sê toe vir hom, is dit dit? Is dit die ultimate? Is alles perfek in hierdie motor? Dis 'n ongelooflike kar, waar weet jy, dis 'n bietjie dit, dit, dit. Jy weet, hulle kom 'n bietjie dit gedoen het, bietjie dit. Is daar iets? Kan jy volkome vervuld wees, tevrede wees met jou land, met jou werk, met jou lewe, met jou kerk? Is daar so iets: volkome vervuldheid?

Iemand sê ons lewensreis is soos 'n reis wat ons onderneem op 'n trein. Ons gaan met hierdie trein êrens heen en ons gaan verby baie goed, maar baie van ons is baie onbewus van die reis en van wat ons pad langs kom, want ons is op pad na ons destinasie toe. Ons het 'n eindbestemming waarnatoe ons op pad is. Die trein se naam is meer, dis stasie se naam is satisfaksie, en ons is bietjie ongeduldig. Die tyd stap aan. Ek wil nou net daar kom dat ek nou net kan satisfaksie kry.

Vir party van ons is dit as ek net 18 kan word. Miskien onthou jy dit. As ek net uit die huis uit kan kom, dan gaan 'n ou... okay, maar dan vind jy uit ek het geld nodig. Dan sê jy, okay, as ek nou net 'n ordentlike werk kan kry. Okay, as ek nou net 'n lewensmaat kan kry. Okay, as ons net 'n huis kan kry. Okay, as ons net kinders kan kry. Okay, as die kinders net uit die huis uit kan gaan. As ek net my huis kan afbetaal. As ek dan net 'n huis by die see kan kry. As ek dan net kan aftree, wow, dan... meer, meer, meer, en iets in ons... dit bring nie vir ons vergenoegdheid nie.

Dit bly ons ontvlug. Ons kom net nooit daarby uit nie. Hoekom? Want dis 'n geheim, dis 'n geheim. Dis asof alles wat ons kry dit net in ons losmaak, ek soek vergenoegdheid, ek soek vergenoegdheid, en dis asof ons blind is, asof ons nooit kan sien, kan agterkom, kan... maar meer gaan dit nie vir ons gee nie. Die antwoord is nie meer nie. Party hou hulle hele lewe aan en gaan dood met daardie illusie dat meer sou dit vir my gegee het.

Ek kyk na Marilyn Monroe se outobiografie op televisie nou so 'n rukkie gelede, die mooiste vrou destyds in die wêreld, het alles, rykdom, alles, en die storieverteller sê iets wat... hy sê sy het op 'n plek gekom waar sy alles gekry het wat sy wou hê, sy sê maar die tragiese oomblik vir haar in haar lewe was toe sy besef nog 'n verhouding gaan dit nie vir my doen nie. Nog 'n affair gaan dit nie vir my doen nie. Nog 'n trip gaan dit nie vir my doen nie. Nog 'n... gaan dit nie vir my doen nie, en op daardie oomblik verloor sy sin in die lewe en sy neem haar eie lewe.

Dink jy regtig meer gaan dit doen? As ek my kredietkaart vat en ek gee dit vir Wilma, my lewensmaat, en ek sê vir haar gaan max hom, dink jy sy gaan gelukkig raak? Ons gaan nooit weet nie, gaan ons? Baie van ons dink, ja, meer gaan. Meer gaan nie. Paulus sê jy leer dit ken in oorvloed, jy leer dit ken in gebrek. Oscar Wilde sê there are two tragedies in life. One is not getting what you want, the other one is getting what you want. Is dit nie die twee baie gevaarlike plekke, maar die twee baie, baie vrugtevolle plekke om te kom in die lewe nie? As jou drome verpletter is en jy verloor dit, wat nou? Wat nou?

Dis die plek waar die verlore seun gekom het. Dis op daardie plek waar hy tot homself kom en tot die insig kom ek het nie 'n beter werk nodig nie. Ek het nie vriende nodig nie. Ek het nie geld nodig nie. Ek het 'n vader nodig. Dis op daardie plek wat sy oë oopgaan en hy besef, toe hy niks het, toe hy gebrek het. Of die ryk jong man. Ek het alles. Ek het alles. Ek het alles ervaar. Ek het gereis. Ek het alles gedoen. Ek is gerespekteer in die samelewing. Ek het alles. Jesus, miskien kan Jy my help. I haven't found what I'm looking for. I still haven't found what I'm looking for.

Dis die twee plekke, jy weet, maar ek dink die gevaar is, en die probleem is, dat baie van ons is nie koud of warm nie. Baie van ons hang hier in die middel rond en ons glo nog die illusie en ons hou vas aan die droom dat net 'n bietjie meer, net 'n bietjie meer gaan dit vir my gee, en Paulus kom, hy deel die geheim. Hy sê dis nie in oorvloed nie, dis nie in gebrek nie, dis nie in dinge nie, dis nie in mense nie. Dis in God. Dis in God.

Jy, sê Pascal, en ek dink hy parafraseer Augustinus, wat sê jy het 'n Goddelike vakuum binne in jou wat niks kan volmaak nie. Niks kan dit volmaak nie, geen sukses nie, geen posisie nie, geen aansien nie, geen mens, geen ervaring nie. Jou onversadigbare sug na wat is jou funksionele geloof waarmee jy sit, is jou funksionele verwagting waarmee jy... ek hoop en jy hoop in wat, gaan dit nie vir jou kan gee nie, net God. Hy sê word bly in die Here. Hy sê let everybody know your life is being lived in another structure of being, one in which the Lord is a vital


**© 2011 Mosaïek**

presence. Hy sê dis in God, my God sal jou behoefte vervul. Dis in God, en ek het dit geleer, sê hy. Dis waar dit is.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Anne Frank, ek lees die stukkie, lees dit saam met my, is 12 jaar oud, is in Holland, en vandag, die mees besoekde plek in Holland is Anne Frank se huis. Hulle kruip weg vir die Nazi's, Jood. Sy sê today the sun is shining, the sky is deep blue, there's a lovely breeze, en I'm longing, so longing for everything, 'n 12 jarige ou meisietjie, to talk, for freedom, for friends, to be alone, and I do so long to cry. I feel as if I'm going to burst.

I know that it would get better with crying but I can't. I'm restless. I go from room to room, breathe through the crack of a closed window, feel my heart beating as if something is saying can't you satisfy my longing at last. I believe that it is spring within my field, that spring is awakening. I feel it in my whole body and soul. It's an effort te behave normally. I feel utterly confused. I don't know what to read, what to write, what to do. I only know that I'm longing.

12 jaar oud. Dis 'n diep sug, dis 'n diep verlange wat ons in ons het, en net God kan, net God kan, en dis hoe ons gemaak is. In hierdie lewe is daar niks anderster wat ons ten diepste kan vervul en daardie tevredenheid kan bring nie, en as jy dit probeer op ander plekke en ander mense kry, gaan jy mense blameer. Hoekom gee hulle dit nie vir my nie, so jy gaan kwaad en bitter deur die lewe gaan, want hulle kan dit nie maar jy glo hulle kom.

Omstandighede kan dit nie vir jou gee nie. Iets kan dit nie, 'n beter werk of wat. As jy dit glo gaan jy die heeltyd verander in jou lewe. Dan gaan jy met dit besig wees, dan gaan jy daar bly, dan gaan jy so maak, want jy kry dit mos nie, so jy is met verkeerde... jy gaan ook nie kan commit nie, want as jy commit, sê nou net iets beters kom jou pad langs, huh? Jy gaan nie kan commit nie.

Jy kan jouself blameer. Ek is... daar is fout met my, en die waarheid is, daar is fout met jou. Daar is fout met ons almal. Jy weet, daar is niemand van ons wat nie kan baat met psigoterapie nie. Almal van ons het... maar as jy na psigoterapie toe gaan of na coaching toe gaan om te probeer om hierdie diepste, eksistensiële probleem van jou op te los maak jy 'n groot fout. 'n Coach can help om 'n nuwe droom te kry, en al wat hy gaan... hy gaan jou help om beter aan die rat race deel te neem en jou nuwe fokus te kry, op 'n nuwe trein te klim, na 'n nuwe destinasie toe te probeer jaag.

Jy kan die heelal blameer. Jy kan God blameer. Ja, Hy werk teen my. Hy wil dit nie vir my gee nie, jy weet. Ek gee op. Lokus van kontrole daar buitekant, misverstaan van hoe God... dis so goed soos ek hou nie van die reuk nie, nou sny jy jou neus af. Nie die slimste ding om te doen nie. Jy kan so deur die lewe gaan, of jy kan na God toe draai. Sê nou net, sê nou net die trein se naam is vergenoedgheid en die destinasie is die hemel, sê nou net.

Sê nou net vergenoegdheid is 'n groot Christelike deug, dis iets om na te strewe. Dis nie great om tevrede te wees met alles en net groter en verder en beter... dis nie die greatste ding nie. Die greatste ding in die lewe is vergenoegdheid. Sê nou net, en sê nou net jy klim op daardie trein. Die hemel. Die hemel is nie baie populêr vandag nie. Ag, vergeet die hemel, man. Jy is so heavenly minded of earthy [?]. Die lewe is nou, man, kap dit nou. Dis so. Dis soos gras, sê die Bybel, dan is dit verby.

Ons kyk na nou deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag sal ons kyk van aangesig tot aangesig. Sê nou dis die groot oomblik. Sê nou dis dit, nê, en sê nou dan begin die lewe, soos Paulus sê. Sê nou dan. Dan kom ek en ek kry die skoonheid waarna ek soek. Ek kry die liefde, volkome, waarna ek soek. Ek kry die sin, ek kry die heerlikheid, ek kry die tevredenheid. Sê nou dan is dit genoeg. Dis dan wanneer God sal sê meer, meer.

Paulus sê dit moet geleer word. Dit moet geleer word, met ander woorde dit is nie iets way jy het of nie het nie. Jy moet groei in dit, en ons kan dit op 'n kontinuum voorstel. Onvergenoegd, vergenoegd, waar is jy? As jy moet sê waar is jy, lewe jy hier in hierdie totale onvergenoegdheid? Kyk, dit maak 'n lewe baie swaar. Dit maak 'n lewe moeilik. Dit maak die lewe baie hard. Dit is hoekom baie mense soveel pyn in hulle lewe het, en hulle weet nie presies hoe om dit uit te druk nie. Hulle kan nie regtig presies hulle hand altyd op dit lê nie, en daarom, dis hoekom ons in die blaming game ingaan om te sê maar jy is... dis 'n swaar lewe om te leef. Vergenoegd.

Paulus bring nou 'n ander kontinuum by, oorvloed en gebrek, en Paulus sê dis moontlik om vergenoegd te wees, al het jy oorvloed, al het jy gebrek. Hy sê maar die geheim is eintlik om dit in God te kry, onafhanklik van oorvloed of gebrek. Kyk, ons kan verstaan as iemand gebrek het en hy is onvergenoegd. Ja, maar dit hoort mos so. Dis 'n goeie motiveerder om hier uit te kom sodat jy hier kan gaan lewe, maar dis die illusie, dis die droom, dat jy dink dit gaan dit vir jou gee en dit gaan dit vir jou doen.


**© 2011 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Baie van ons dink nie ons het oorvloed nie. Ons ontmoet die heeltyd mense wat meer het as ons en dan voel ons het min. As ek moet vra wie is ryk vanmôre dink ek nie hier gaan baie hande opgaan nie. Ons dink nie so aan onsself nie, maar as jy ‘n motor het en jy bly in ‘n baksteen huis is jy top 5% van die wêreld se bevolking. Jy is ryk. Jy het baie, en tog hou jy aan soek, en Paulus sê dis om oor te stap na hierdie kant toe, van vergenoegdheid, en dit is om op ‘n plek te kom waar jy hier... dis nie meer jou lewe nie. Dis nie meer wat jy glo nie. Dis nie meer wat jy create nie. Ek weet nie, ek... God, weet.

Dis om uit die valse self na die ware self toe te beweeg. Dit is om dit in God te begin kry, en dit leer jy. Dit vat tyd. Dis nie 'n gawe nie. Dis nie iets waarmee jy gebore word nie. Kyk, ‘n gawe is jy doen niks daarvoor nie. Jy kry hom net. Jy is net happy dat jy dit gekry het. Jy kan ‘n gawe ontwikkel, maar as jy bietjie van ‘n gawe het kan jy met harde werk hom groter maak, en as jy ‘n groot en baie het kan jy met min effort kan jy hom nog groter maak, maar jy kan nie ‘n gawe kry nie. Jy kry hom nie deur... al doen jy ‘n graad, dit gaan nie vir jou ‘n gawe gee nie. Al lees jy baie, al kry jy baie kennis, al doen... God, net God kan jou die gawe gee. Dis nie ‘n gawe nie. Dis iets wat jy moet leer hoe doen jy dit.

Twee groot aanduidings in hierdie gedeelte, en die eerste ding is gee. Gee van dit wat jy het, en dit beteken om in die teenoorgestelde gees te funksioneer en te opereer as onvergenoegdheid. As jy wil vergenoegd raak dan moet jy in die gees van vergenoegdheid opereer, wat gee is. Onvergenoegdheid is kry, ek wil hê. Dis ‘n beginsel wat jy regdeur... jy kry hom in die wet, Eksodus 22. As jou vyand se esel in die pad is dan jaag jy hom terug vir hom na sy baas se kamp toe.

Dis vreemd, nê. Kyk, dis die teenoor... dis jou vyand. Dis die ou wat jou ondergang soek. Jy kry sy donkie buite. Wat doen jy? Is dit nie, ja wel, wat jy saai sal jy maai? Die Here is besig om hom nou... sy sake te werk vir hom, nê. Die donkie is uit. Skiet die ding. Ek moet ‘n ander... ek het ander ouens se veiligheid op gedagte. Donkies in die pad is gevaarlike goed. Ek gaan ouens se lewens red. Ek skiet hierdie donkie. Nee, vat hom en jaag hom terug. Opereer in die...

As die... Matteus sê as hy jou stop en hy sê vir jou, die Romeinse soldaat, vat my pak. Hy is geregtig daarop. Dis die wet. Vir ‘n duisend tree moet ek nou... ek het... dis my tyd. Dis vernederend. Dis my land, hier is... hy is ‘n... hy hoort nie eers hier nie. Hy is ‘n Romein wat my land oorneem, nou sê hy vir my ek moet dit doen. Jesus sê dan loop jy daardie duisend en as jy daar kom dan sê jy vir hom, waarheen is jy op pad? Nog ‘n duisend. Kom ek vat... kom ek help jou, nog ‘n duisend. Ek hoef dit nie te doen nie. Ek gee dit vir jou.

Romeine 12, as jou vyand dors het, gee vir hom iets om te drink. As hy honger het, gee hom iets om te eet. Dis irrasioneel. As daar iets is wat jy nodig het om jou vry te maak van materialisme is dit om te gee. As daar iets is wat jy jou moet losmaak van die gevoel, die onderliggende geloof, idee, mite, dat meer dit vir my gaan doen, is dit om te gee. Paulus sê as jy gee dan sal God elke behoefte van jou vervul. Dis wat hy vir hulle sê.

Hulle het nou vir Paulus gegee, nê, nou sê Paulus, julle offer is ‘n offer aan God. Hy sê vir hulle, dankie hoor, wat julle gee, maar ek wil net vir julle sê, julle het nie eintlik vir my gegee nie, julle het vir die Here gegee, en daardie offer is ‘n lieflike geur. Die Here hou van lekker reuke. Dis ‘n aangename geur. Die Here... dis welbehaaglik vir die Here, en nou wil ek net vir jou... omdat julle gegee het sal God jou diep behoefte vervul in jou lewe, en Paulus sê ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee. Ek kan hierdie vergenoegdheid kry. Ek kan dit doen.

Dis natuurlik een van die tekste wat ek dink dalk die meeste buite konteks aangehaal word van enige teksvers in die Bybel, dalk. Jy weet, jy hoor hom by die rugby. Julle ouens, ons is tot alles in staat, nê, as ons hierdie nuwe span tackle, nê. ‘n Meer Bybelse benadering sal wees, julle ouens, wat ookal gebeur, of ons wen of ons verloor, ons is happy. Ons kan dit doen want Christus gee ons krag.

Die tweede groot ding is hy nooi hulle in op ‘n innerlike reis. Hy sê vir hulle, let you begin [?]. Moet oor niks bekommerd wees nie. Hier is die woord. Vat hierdie woord, praat met God, laat julle begeertes met smeking en danksegging bekend word by God, en dan sit en dan mediteer julle, alles wat waar is, lieflik. Gaan sit, gaan meditate, mediteer. Dis innerlike werk. Dis ‘n innerlike reis, en as jy... want as jy hierdie innerlike wêreld ingaan dan raak alles vir jou duidelik, jy weet. Die ou kerkvader het gesê dan raak die troebel water van jou bewussyn stil en jy kan diep in jou lewe insien. Jy sien jou verknogtheid. Jy sien hoe jou begeertes behoeftes geword het.

Kyk, daar is ‘n groot verskil, nê. Hy sê God sal elke behoefte van jou vervul. Ons het ‘n geneigdheid, 25 jaar terug was ‘n tweede foon in ‘n huis nie ‘n behoefte nie, dit was ‘n begeerte, dit was ‘n luxury, ‘n tweede kar was ‘n luxury, ‘n tweede televisie. Vandag het al daardie begeertes behoeftes geword. Dit is... ons kan nie meer sonder dit


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

funksioneer, die huishouding is nie lekker as dit nie daar is nie. Dis ‘n absolute moet, en so het... begeertes het ‘n manier om oor...

Maar dit raak vir jou duidelik wat is my behoefte regtig wanneer jy sit in stilte, wanneer jy begin te mediteer. Hy sê en dan sal die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, jy sal... daardie vergenoegdheid sal in jou inkom op hierdie manier, en dan kan jy dit lewe, en dan kan jy in dit in stap as jy dit kan doen, so waar is jy vanmôre? Is jy miskien op ‘n plek waar die skille van jou oë begin afval, waar jy agterkom, hey, ek soek na iets en iemand wat ek nie kan kry nie. Ek soek na iets in iets wat ek nie kan kry nie.

Dis hierdie vakuum. Jy voel hom, hierdie longing, deep, deep longing in jou, en jy besef dis God wat my roep, dis Jesus wat sê, kom. Ek kan dit leer. Ek kan groei. Dit gaan tyd vat, maar soos wat ek hierdie pad begin te stap, hierdie innerlike werk begin te doen, soos wat ek begin te gee, soos wat ek groei kan ek in hierdie lewe ingroei en kan dit vir almal... it can be clear to everybody that I live my life in another structure of being. Ek kan dit instap.

Miskien is jy op ‘n ander plek waar jy opgegee het op die lewe, en jy kry vandag ‘n holy discontent. Kyk, dis iets anders. Dis iets anderster. Dis iets wat in jou opstoot om te sê, maar ek aanvaar dit nie. Dis nie die Koninkryk van God nie. Dis iets anders. Kyk, daar is altyd twee van ‘n soort, nê, soos jaloesie. 1 Korintiërs 13: die liefde is nie jaloers nie. Moenie jaloers wees nie. Maar God is dan jaloers. Die wet sê vir ons God is jaloers. Nou hoe is dit nou? God is liefde. Hy is jaloers, maar Hy sê ons moet...

Daar is twee soorte jaloesie. Daar is twee soorte contentment en discontentment, en dis een wat uit die ware self uit kom. Dis een wat deur die Gees uit kom. Dis ‘n goeie plek as jy die contentment het om ‘n visie te ontwikkel uit ‘n heilige discontentment uit, en miskien is jy op daardie plek waar jy te tevrede... jy het alles laat gaan, jy is te tevrede, en die Here stir jou en Hy maak jou los om te sê nee, vat, nie ambisie nie, visie, hierdie ding, dit wat Ek vir jou het, dit waarheen jy moet gaan met jou lewe.

Kom ons bid saam. Hemelse Vader, ons dank U dat ons vanmôre hier kan saam wees. Ons wil U so dankie sê vir almal wat besluit het om U te volg, hierdie pad saam met U te stap. Dankie, Here. Dankie dat hulle gehoor het. Dankie dat hulle iets kan sien. Dankie dat hulle sê ja. En, Here, so is hier baie van ons dalk vanmôre wat dit nog moet doen. Help ons. Help ons om duidelik te kan sien. Help ons om duidelik te kan hoor, om nie net vergeetagtige hoorders te wees nie, om nie net vinnig net nou net, ja, in te loop en aan te gaan nie. Help ons, Here, en help ons almal op hierdie pad om te groei, om teen die hele stroom van hierdie wêreld te gaan, om vergenoegdheid na te strewe as ‘n groot deug. Help ons, Here. Help ons om in dit in te groei, om in hierdie lewe wat U vir ons het te leef. Ek vra dit in die naam van Jesus, amen.

Mag die vrede van die Here Jesus, daardie rustigheid, daardie waardering, met jou wees in hierdie week wat voorlê, amen.


**© 2011 Mosaïek**